

Aanbid die Skepper



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Openbaring 14:6, 7; Matteus 24:14; Galasiërs 3:22; Lukas 23:32-43; Genesis 22:12; Openbaring 14:8-12.

Geheeteks:

“En ek het ’n ander engel in die middel van die lug sien vlieg met ’n ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke” (*Openbaring 14:6, OAB*).

As Sewendedag-Adventiste glo ons in die Bybelse begrip, die “die waarheid wat by julle is” (*2 Pet. 1:12, OAB*). Engelssprekende Adventiste praat dikwels van die “present truth” oftewel die “teenswoordige waarheid.” Dit kom basies op die volgende neer: Dat God ons al dieper insigte in die waarheid skenk, en dat daardie nuwe insigte telkens op ’n bepaalde tydvak se geestelike behoeftes afgestem is. So het God dan deur die eeue heen al meer en meer lig aan sy kinders geskenk. Neem byvoorbeeld die eerste evangeliebelofte aan die gevalle Adam en Eva, in Genesis 3:15, wat sê dat verlossing deur die vrou se nasate sou kom. Let dan op die een aan Abraham, naamlik dat die patriarg “’n groot en magtige nasie... [sou] word” en dat “al die nasies van die aarde in hom geseën... [sou] word” (*Gen. 18:18, OAB*), wat ’n verdere openbaring van die heel eerste belofte was. Met Jesus se aardse sending het ons selfs ’n groter openbaring van daardie evangeliewaarheid: “Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as ’n losprys vir baie” (*Mark 10:45, OAB*). Vandag glo ons dat die drie-engeleboodskap in Openbaring 14:6-12 die eindtydgelowige se “teenswoordige waarheid” is. Dit is vir elkeen wat na-aan die wederkoms leef en wat daardie dag as die vervulling van elke Christen se diepste hoop en begeerte sien. Vandeesweek fokus ons hoofsaaklik op die eerste engel se boodskap. Hoekom? Aangesien dit waarhede bevat wat van deurslaggewende belang vir diegene is wat graag, te midde van al die eindtydgevare, getrou wil bly.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 28 Mei.*

Die universele aard van die evangelie

Lees *Openbaring 14:6*, en *Matteus 24:14* en *hfst. 28:19*. Wat is die deurlopende tema in hierdie teksverse? Hoe help al drie teksverse ons om die belangrikheid van uitreikwerk en persoonlike getuienis as die kerk se gesamentlike strewe te verstaan?

In 'n sekere sin is die eerste engel se boodskap basies die groot sendingopdrag (*Matt. 28:19*), hoewel dit hier in 'n eindtydmilieu deurgegee word. Dit is inderdaad die “teenswoordige waarheid,” die waarheid “wat nou by ons is.” Let op die feit dat die klem in al drie teksverse op wêreldwye evangelisasie val – dit is vir “al die nasies” (*OAB*), 'n boodskap “aan alle nasies en stamme en tale en volke” (*OAB*). Derhalwe is dit 'n universele boodskap, een wat elke mens moet hoor.

Lees *Galasiërs 3:22*. Wat sê hierdie teks vir ons, hoekom moet die ganse aarde die evangelie hoor?

Die universele – oftewel wêreldwye – aard van sonde verklaar hoekom ons sending en roeping wêreldwyd moet wees. “Alle nasies en stamme en tale en volke” het gesondig – het God en sy gebod teëgegaan – en daarom is “die hele wêreld vasgevang in die greep van die sonde” (*NAB*). Elke mens is deur Adam en Eva se sondeval geraak. Geen stam, nasie of mensegroep kon dit vryspring nie. Ieder en elk ly aan die onmiddellike gevolge van daardie val. Wat meer is, sonder een of ander uitkoms sou ons almal die uiteindelijke gevolg daarvan moes dra – naamlik die ewige dood. Daardie uitkoms het ons natuurlik ontvang: Die lewe, dood, opstanding en hemelse middelaarswerk van Jesus Christus, die enigste ware oplossing vir die sondeprobleem. Dit is die blye boodskap wat almal moet hoor, die hoop wat God ons in Christus bied. Dit is dan ook die rede hoekom Sewendedag-Adventiste na die uithoeke van die wêreld gaan, om Jesus aan elkeen te bring wat nog nie van Hom gehoor het nie.

Hoekom trek elkeen wat die evangelie verkondig, in 'n geestelike sin, so baie voordeel daaruit? Oftewel: Wat maak van uitreikwerk so 'n fantastiese manier om jou op die wederkoms van Jesus voor te berei?

Die dief aan die kruis en die “ewige evangelie”

Openbaring 14:6 sê dat die boodskap wat die hele wêreld moet hoor die “ewige evangelie” is. Dit is ’n boodskap wat hoop bring, en dit aan ’n wêreld wat self geen hoop het nie.

Lees Lukas 23:32-43. Die “ewige evangelie” is die groot hoop vir elke sondaar. Hoe bring dié verhaal daardie deurslaggewende waarheid tuis?

Ellen G. White sê dat die dief aan die kruis nie ’n gewoontemisdadiger was nie. Hy het wel in Jesus geglo. Tog het hy, “in ’n poging om sy oortuiging te onderdruk... algaande in ’n lewe van sonde verval, totdat hy gearresteer, voor die regbank gebring, en ter kruisdood veroordeel is” (Ellen G. White, *The Desire of Ages*, bl. 749). Tog gebeur iets met hom aan die kruis. Hierdie dief sien Jesus aan vir wie Hy werklik is, met die gevolg dat Hy in sy uur van benoudheid uitroep: “Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom” (*Luk. 23:42, NAB*). En hoe reageer Jesus daarop?

Wel, ou vriend, dit spyt My vreeslik, maar jy het jou geloof in My opsy geskuif en toe in ’n lewe van sonde verval. Of was dit dalk ’n vorige preek wat aangehaal is? “As jou getrouheid aan die wet nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en die Fariseërs nie, sal jy nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie” (*Matt. 5:20, NAB, besitlike voornaamwoord aangepas*). Het Jesus enigsins die dief se skandelige verlede opgehaal? Pleks van hom op sy foute wys, sien Jesus hom as ’n mens – dié misdadiger met sy swak karakter wat niks geregtigheid van sy eie gehad het nie, wat Jesus vroeër daardie dag vervloek het (*Matt. 27:44*). As ’n nuwe mens sien Jesus Hom en sê (basies): Vandag, op hierdie plek, gee Ek jou die versekering: Al jou sonde – al jou misdade en foute – is vergewe, en daarom “sal jy saam met My in die paradys wees” (*Luk. 23:43, NAB*). Hier het ons die “ewige evangelie,” die grondslag van die eerste engel se boodskap. Sonder hierdie Bybelwaarheid beteken al die ander leerstellings – die wet, die Sabbat, die toestand van die dode – net mooi niks nie. Wat help dit as ons die gees van hierdie leerstellings – naamlik die “ewige evangelie” – daaruit haal?

Watter hoop put jy as individu uit hierdie verhaal?

‘Vrees God en gee Hom eer!’

Die verkondiging van die “ewige ewangelië” aan die ganse wêreld is bloot die eerste deel van sy sending. Daarna volg die besonderhede. Saam met die “ewige ewangelië” gaan ook die verkondiging van die spesifieke waarhede wat op hierdie tydperk van die geskiedenis betrekking het. Met ander woorde: Die “teenswoordige waarheid” – die waarheid vir die eintydgelowige – sluit ook Openbaring 14:7 in.

Lees Openbaring 14:7 in die Ou Vertaling. Wat beteken dit om God te vrees en aan Hom die eer te gee? Hoe doen ’n mens dit? Hoe skakel hierdie twee begrippe by die ewangelië in?

Om God te vrees en aan Hom die eer te gee, is nie strydige begrippe nie. As ’n mens God vrees – m.a.w. ’n diepe respek vir Hom het soos die Bybel leer – sal ons Hom verheerlik. Die een lei noodwendig tot die ander.

Lees die volgende teksverse. Hoe help dit ’n mens om die opdrag beter te verstaan – naamlik dat ’n mens God moet vrees? Hoe toon dit boonop die verband tussen die vrees en verering van God? Gen. 22:12, Eks. 20:20, Job 1:9, Pred. 12:13, Matt. 5:16.

In die bogaande versies word die begrip “vrees God” aan gehoorsaamheid gekoppel. Wanneer ’n mens aan die Here gehoorsaam is, deur te doen wat reg en goed is, bring jy eer aan Hom. Hoewel mense dikwels sê dat “die vrees van die Here” op ’n diepe eerbied en ontsag vir God dui, behels dit veel meer. Die Bybel sê dat ons God moet vrees. Neem in ag dat ons gevalle wesens – sondaars – is. Derhalwe verdien ons die dood. Ons almal het dit al beleef: Oomblikke van afsku oor jou inherente boosheid, oomblikke waarin jy beseft watter behandeling jy in werklikheid by ’n reg en regverdige God behoort te ontvang. Dit is die vrees van die Here. Wat meer is, daardie vrees dryf ’n mens – eers na die kruis op soek na vergifnis, en daarna, om jou op die mag en almag van God te beroep wat ons van daardie boosheid reinig. Dit is immers ’n boosheid wat ons die ewige lewe sou gekos het as dit nie vir die soendood van Christus was nie (*lees Matt. 10:28*).

Hoe het jy al die “vrees van die Here” in jou eie geloofslewe ervaar? Hoe kan ’n stewige dosis van daardie vrees ’n mens geestelik help, sodat jy groter erns met jou geloof asook jou sending in Christus sal maak?

Die uur van sy oordeel het gekom

In die eerste engel se boodskap vind die begrippe “vrees God” en “gee Hom heerlikheid” aansluiting by die oordeel (*Op. 14:7*). As daar een ding is waaroor die Bybel nie doekies omdraai nie, dan is dit dat God wel ’n God van reg en geregtigheid, en van afrekening is. Eendag gaan die geregtigheid en afrekening wat hierdie wêreld so broodnodig het, inderdaad kom. Dit is dus geen wonder dat die mens aangesê word om God te vrees nie. Gevolglik maak dit sin dat die “ewige evangelie” ook oordeel en afrekening as wesentlike verskynsels insluit. Wat is egter die verband tussen die ewige evangelie en die oordeel? Aangesien die evangelie ook as die “blye boodskap” bekend staan, is die goeie nuus hier: Alhoewel ons sondaars is en God en sy gebod teëgegaan het, sal ons nie op die oordeelsdag die verdiende loën vir ons sonde en wetsverbreking ontvang nie – net soos die dief aan die kruis, wat daar en dan die verdoemenis vrygespring het.

Lees die volgende teksverse en vra jou dan af: Hoe sal ek op grond van my eie verdienstelikheid in die oordeelsdag vaar? *Matt. 12:36, Pred. 12:14, Rom. 2:6, 1 Kor. 4:5*.

Die God wat elke haar op ons hoof getel het, gaan ook die wêreld oordeel. Tog is dit juis die rede hoekom “die ewige evangelie” ongelooflike goeie nuus is. Ja, die oordeel kom, maar daar is geen “veroordeling” vir die getroue kinders van die Here, dié wat in die wondersoete Naam van Jesus rein, heilig en regverdig gemaak is nie (*lees 1 Kor. 6:11*). Hoekom nie? Want Jesus Christus is hulle geregtigheid. Dit is sý geregtigheid wat hulle deur die oordeel dra. “Teen hierdie aanklagte is ons nie opgewasse nie. Daar staan die mens voor die Vader, in sy sondebevekte klee, om sy [of haar] sonde voor God te bely. Gelukkig tree Jesus, ons kosbare Voorspraak, vir ons in die bresse. Dit doen Hy met groot sukses vir almal wat hul lewens gelowig en met diepe berou aan Hom toevertrou het. Hulle saak bepleit Hy, en troef al die duiwel se aanklagte teen hulle, met Golgota as sy groot verweer. Jesus se volmaakte gehoorsaamheid aan die wet van God – selfs tot die dood toe – dit stel Hom in staat, gee Hom alle mag in hemel en op aarde, om Hom op die genade van die Vader te beroep, ter versoening van God en die sondige mens” (Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 5, bl. 471).

Die oordeel is ’n werklikheid. Wat sê dit vir ons oor ons groot behoefte aan die vergifnis van God? Hoe moet ’n mens maak om daardie selfde genade en vergifnis – wat God ons deur Jesus geskenk het – ook aan diegene te bied wat jou tenagekom het?

‘Aanbid Hom wat hemel en aarde gemaak het’

Lees weer *Openbaring 14:6, 7*. Noem al die hoofelemente van die eerste engel se boodskap as ’n geheel. Hoe hou die onderskeie dele met mekaar verband?

Tesame met die vermelding van die ewige evangelie, die oproep tot getuienis aan die ganze wêreld, asook die bevel om God te vrees en heerlikheid aan Hom te gee, sê die eerste engel dat ons die Here as Skeppergod moet aanbid. Dit is ook geen wonder nie. Geen van die ander aspekte van die “teenswoordige waarheid” – die ewige evangelie, die oproep tot getuienis, die oordeel – het enige betekenis sonder die skepperskap van God nie. Die eersgemelde waarhede, en ook alle ander bybelwaarhede, steun op die feit dat God die Skepper van hemel en aarde is. Dit vorm die grondslag van alle waarheid. Deur die Here as Skeppergod te aanbid, dui op ’n terugkeer na die grondbeginsels van ons geloof. Daarmee besoek ons die hoekstene van ons menswees en die feit dat ons, in teenstelling met die ander wesens wat God hier op aarde gemaak het, na die beeld van God geskape is. Wanneer ons die Here as Skepper aanbid, bely ons daarmee dat ons vir ons bestaan en toekomstgeluk van Hom afhanklik is. Dit is dan ook hoekom die viering van die Sewendedag-Sabbat so belangrik is. Dit is ’n belydenis dat God alleen Skepper is, en dat Hy al een is wat ons aanbid. Ter opsomming: Tesame met die ewige evangelie en die oordeel, geniet die oproep tot die aanbidding van die Skeppergod prominensie hier.

Lees *Openbaring 14:8-11*. Hoe help hierdie verse ons om die deurslaggewende belang van die aanbidding van die Here as Skeppergod beter te verstaan?

Met die toenemende vervulling van eindtydgebeure kom die wêreldwye druk om die dier en sy beeld, in plaas van die Skeppergod, te aanbid. Die vreeslike lot wat wag op diegene wat die dier en sy beeld aanbid, verklaar hoekom die klem hier op die aanbidding van die Here as Skeppergod – as die enigste God wat ons aanbidding waardig is – val. Wanneer eindtydgebeure breekpunt bereik, sal hierdie waarheid meer deurslaggewend as ooit tevore wees.

Oordink vir ’n wyle die ongelooflike prag en wonders van die skepping. Wat sê dit vir ’n mens oor die een wat dit alles geskape het, en hoekom Hy – en Hy alleen – ons aanbidding waardig is?

Vir verdere studie:

Bybelstudente bespeur lank reeds 'n onderlinge verband tussen die oproep in Openbaring 14 vers 7, om Hom te “aanbid... wat die hemel en die aarde en die see en die waterfonteine gemaak het” (OAB), en die vierde gebod in Eksodus 20 vers 11, wat die Sabbat as gedenkteken uitbeeld: “Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is” (OAB). Ten spyte van die ooreenkomste in terme van woordkeuse, merk ons hier 'n 'n verandering in die wyse waarop daar in Openbaring na die Here verwys word. Let op die gebruik van “die see en die waterfonteine” teenoor Eksodus se “die see en alles wat daarin is.” In dié verband sê die skrywer John Baldwin: “As ons aanneem dat God doelbewus die sinsnede ‘waterfonteine’ gebruik het, [is die vraag net]: Hoekom laat Jesus sy hemelse boodskapper 'n weergawe van die parallelle sinsnede in Eksodus 20:11 gebruik, en nie een wat meer in pas met die oorspronklike is nie? Hoekom praat die engel van die ‘see en waterfonteine’ in plaas van die see en 'n ander skepsel uit die diereryk soos bome, voëls, visse of berge? “‘Waterfonteine’ word hier as deel van 'n aankondiging gebruik, 'n aankondiging wat toon dat 'n unieke tyd van afrekening nou aangebreek het. Derhalwe is die gebruik van ‘waterfonteine’ moontlik 'n poging om die leser se aandag op 'n vorige tydperk van goddelike afrekening te vestig... Dalk het ons [hier] 'n sinspeling op die sonvloed. ‘Waterfonteine’ onderstreep dus dat God inderdaad 'n God van oordeel, maar ook 'n God van ewige trou en barmhartigheid is (twee eienskappe wat beide uit die vloedverhaal in Genesis blyk). Indien ons die gebruik van ‘waterfonteine’ reg verstaan het, het hierdie sinsndede en sy vloed-konnotasie moontlik bepaalde geestelike implikasies vir die individu. Dalk word die leser hier aangemoedig om erns te maak met die aankondiging dat 'n nuwe eindtydproses nou aangebreek het, dat dit 'n historiese oomblik is, dat ons nou in die tyd van die eerste engel se ondersoekende oordeel leef, waarin elke gelowige se lewe afsonderlik ondersoek word” (John Baldwin, redakteur, *Creation, Catastrophe, and Calvary: Why a Global Flood Is Vital to the Doctrine of Atonement*, Hagerstown, Maryland, VSA: Review and Herald® Publishing Association, 2000, bl. 27).

Vrae vir bespreking:

1. Jesaja 53:6 sê: “Ons almal het gedwaal soos skape” (OAB). Die Hebreus vir “ons almal” is koelanoë. In dieselfde teksvers skryf Jesaja dat God “die ongeregtigheid van ons almal op Hom laat neerkom [het].” Hier is die oorspronklike Hebreuse woord vir “ons almal” weereens koelanoë. Hoe wys hierdie gedeelte vir 'n mens dat God se oplossing vir sonde meer as voldoende is, ongeag die omvang van die probleem?
2. Watter ander lesse kan ons uit die verhaal van die dief aan die kruis leer? Gestel die dief is vrygespreek en van die kruis afgehaal, en dat hy boonop oorleef het. Hoe anders sou sy lewe daarna uitgesien het? Wat sê dit vir 'n mens oor Jesus se mag om lewens te transformeer?